It takes about 10 days for the plant to finish eating the bug. Then the leaves open again. It is time for its next meal!



When plants bite back!



Wanneer plante terugbyt

Ilse Badenhorst • Georgia Demertzis

Ideas to talk about: What do plants need to live and grow? How do plants get the nutrients and water that they need? Did you know that there are some plants that eat insects and small creatures?

Idees om oor te praat: Wat het plante nodig om te lewe en te groei? Hoe kry plante die voedingstowwe en water wat hulle nodig het? Het jy geweet daar is sommige plante wat insekte en klein diertjies eet?

Die blare van 'n Venusvlieëvanger het klein haartjies. Wanneer 'n gogga binne-in die plant land, raak sy pote aan die haartjies. Dit laat die blare toeklap. Die gogga is binne-in vasgevang en kan nie uitkom nie.

The leaves of a Venus flytrap have little hairs. When a bug lands inside the plant, its feet touch the little hairs. This makes the leaves snap shut. The bug is trapped inside and can't get out.



Venus flytraps Venusvlieëvangers

Wanneer 'n gogga op die dublom land, sit dit vas en kan dit nie ontsnap nie. Die dublom krul om die gogga en eet dit!



When a bug lands on the sundew, it gets stuck and can't escape. The sundew curls around the bug and eats it!



People eat plants.
Animals eat plants.



Mense eet plante. Diere eet plante.



These plants live in shallow water. They don't have roots and float on the water. The plant has beautiful flowers above the water. Hierdie plante leef in vlak water. Hulle het nie wortels nie en dryf op die water. Die plant het pragtige blomme bo die water.



Floating bladderworts Drywende blaaskruid

Do you think these plants are clever? Would you want them in your garden?

It could be fun to watch them grow. And don't worry – none of these plants eat people!

Dink jy hierdie plante is slim? Wil jy hulle in jou tuin hê?

Dit kan lekker wees om te sien hoe hulle groei. En moenie bekommerd wees nie – nie een van hierdie plante eet mense nie!



Goggas land op die blare. Hulle kruip al hoe dieper in die plant in. En dan ... *kaplaks!* Hulle val in die vloestof en los daarin op.

Bugs land on the leaves. They crawl deeper and deeper into the plant. And then ... *splash!* They fall into the liquid and are dissolved.

A cobra lily is a kind of pitcher plant. The leaves look like a snake's head. 'n Kobralilie is 'n soort bekerplant. Die blare lyk soos 'n slang se kop.



Bugs eat plants. Sea creatures eat plants.
Goggas eet plante. Seediere eet plante.



But what do plants eat?
Maar wat eet plante as hulle honger is?

There are many kinds of pitcher plants. They have long tubes with liquid at the bottom. When a bug crawls into the plant it slides down the slippery sides. It lands in the liquid and dissolves into food for the plant.

Daar is baie soorte bekerplante. Hulle het lang buise met vloeistof onderin.

Wanneer 'n gogga by die plant inkrui, gly dit teen die gladdede kante af.

Dit land in die vloeistof en los dan op en word kos vir die plant.



Pitcher plants
Bekerplante



Plants make their own food in their leaves! They need water, sunlight, air and nutrients from the soil to make food.

But did you know that some plants eat meat? They catch and eat bugs and small creatures.

Plante maak hul eie kos in hul blare! Hulle het water, sonlig, lug en voedingstowwe uit die grond nodig om kos te maak.

Maar het jy geweet dat sommige plante vleis eet? Hulle vang en eet goggas en klein diertjies.

Onder die water het hulle sakkies wat soos blase lyk.



Under the water they have little sacks that look like bladders.


When a small water creature touches the bladder, the trapdoor opens.

And before you can count to one, the little creature is sucked into the bladder – *shloop!* The trapdoor shuts quickly and the creature can't get out.

Wanneer 'n klein waterdiertjie aan die blaas raak, gaan die valdeur oop.

En voor jy tot een kan tel, word die diertjie in die blaas ingesuij – *slurp!* Die valdeur gaan vinnig toe en die diertjie kan nie uitkom nie.






And, finally, the day arrived. From before sunrise, the queue started forming. Animals big and small, they all made their way to the palace. Giraffe was there, and Leopard and Elephant, and so were Rhinoceros, Tiger, Monkey, Antelope and Skunk. How can I forget Crocodile, Zebra, Hippopotamus and Lizard? Pig was there, too. So were Ox and Horse, Donkey and Cow. The animals of the forest were all there. All, that is, except Dassie.

Dassie had had a hefty dinner the night before and felt a bit out of sorts, a little tired, and a lot lazy.

"I will ask one of my friends to bring me a tail," he told himself. And that's exactly what he did. On his back, he lay at the mouth of his burrow and kept a lazy eye on the goings on. There he sprawled, one eye half open, watching the passing parade.




Alles het goed gegaan in die groot, groot woud. Die koning van die diere was baie gelukkig: sy onderdane was gelukkig en het hom baie goed gedien. Hulle het hom so goed gedien dat hy homself afgevra het: "Wat kan ek doen om my onderdane nog gelukkiger te maak?"

Hy bring sy poot na sy voorkop en trek sy oë op selfs kleiner skrefies. Julle sien, die koning was hard aan die werk, besig om te dink aan sy nuwe probleem: hoe om sy onderdane nog gelukkiger te maak as wat hulle alreeds was.

Uiteindelik gee hy moed op en roep sy raadslede na 'n vergadering.

By die opening van sy gat wag Dassie nou wawyd wakker. Sy mag is nie meer vol nie, hy sit regop en vryf sy wange met sy pote. Ja, hy is bietjie senuweeagtig en 'n bietjie opgewonde, maar meer opgewonde as senuweeagtig. Hy is ook baie jaloers.

"Hoe sal my stert lyk? Sal ek daarvan hou? Sal dit my pas?" vra Dassie homself af, want 'n lang ry diere beweeg verby sy gat. En elkeen pronk, so trots soos 'n pou, kop in die wolke.




Die diere pronk en kry lekker, spog en terg mekaar oor hulle sterte. Hulle vier ook na hartelus fees, dans en sing, en drink gemmerbier.

Toe die sonstrale lank en dun begin word en die skadu's al langer word, onthou die diere van hulle groter en gate. Elke diere wil huis toe gaan.

Terwyl hulle nog opgewonde sing oor hulle nuwe sterte, begin hulle huis toe gaan. Nadat hulle die hele nag gesing en gedans het, gaan hulle na hulle huise terug met hul sterte in die lug.

Maar niemand het onthou om die Koning te vra vir 'n stert vir arme Dassie nie. Nie een het vir daardie stert gevra nie.



Mighty Elephant trumpeted, "Ho-ho-huh! Right there, in front of His Majesty, one's brain leaves one and it is all you can do to remember what to say. Who has the time and brain to remember what someone else wanted?"

Poor Dassie, to this day, he still does not have a tail.

Don't be fooled by the stump at his rear end, that's just fat he keeps there so some will think he does have a tail ... a small stump of a tail.

You will agree that's better than no tail at all. Yes, it is better than none at all. Much better ... At least, that's what Dassie thinks.

Toe al die raadslede gaan sit het, praat die koning. "Help my asseblief om al my onderdane gelukkiger te maak as wat hulle reeds is," sê hy.

Elke raadslid krap sy kop en druk sy khou teen sy lippe. En dink... dink... en dink... en dink regtig hard. Uiteindelik kom die hoofraadslid na die koning.

"U Koninklike Hoogheid, die raadslede het 'n voorstel. As U Koninklike Hoogheid daarmee tevrede sal wees, kom ons gee aan elke dier 'n stert."

Stralend gaan sit die koning regop. Hy maak sy oë groot, en toe nog groter, oop.

"Fantasties! Fantasties!" Die koning vryf sy hande opgewonde. "n Stert!" roep hy uit. "Ons sal aan elke dier 'n stert gee om hulle nog gelukkiger te maak!"

Toe draai hy hom na sy raadslede. "Gaan na die woud. Vra al die diere om na die paleis te kom, sodat ek vir elkeen 'n stert kan gee," beveel hy. Hy sê ook vir sy raadslede op watter dag die gebeurtenis sal plaasvind.

Die raadslede gaan almal uit. Hulle gaan uit na elke hoekie van die woud. Hulle slaan nie 'n boom of bos, gat of grof, oor nie.

"Die koning het gepraat," sê hulle. "Op hierdie dag, van hierdie maand, van die oggend tot die aand, gaan hy vir elkeen van sy onderdane 'n stert gee."

Al die diere weet dat daar 'n fees, groter en beter as enige ander in die land, gaan wees, want wanneer die koning sy onderdane na die paleis roep, gee hy vir almal soveel kos dat hulle mae amper bars.

Die diere kan skaars wag tot die dag. Hulle maak elke dag kruisies op hulle dierekalenders en wag ongeduldig op die groot dag.

When all the councillors were seated, the king spoke. "Now," said the king, "please, help me make all my subjects happier than they already are."

Each councillor scrunched his forehead and put his paw finger on his lips. And thought... and thought... and thought, really hard. Finally, the chief councillor came to the king.

"Your Royal Highness," he said, "the councillors have a suggestion. If it pleases Your Royal Highness, why not give each animal a tail?"

Beaming, the king sat up. He opened his eyes wide and wider still.

"Excellent! Excellent!" The king rubbed his hands in glee. "A tail!" he exclaimed. "A tail for each animal. We shall give them each a tail, to make them all happier still!"

Then he turned to his councillors. "Go to the whole forest," he commanded. "Ask all the animals to come to the palace, and I shall give each one a tail." He also told the councillors the day on which the event would take place.

Out went the councillors, one and all. Out they went to all corners of the forest. They left not a tree or bush, burrow or cave, unvisited.

"Thus has the king spoken," they said. "On this day, of this month, from morning till night, to each and every one of his subjects, he will give a tail."

All the animals knew there would be a feast bigger and better than any in the land; for when the king called his subjects to the palace, he fed one and all till their stomachs almost burst.


The animals could hardly wait for the day. Every day, they made crosses on their animal calendars, impatient for the big day to come.

To each, Dassie asked, "My friend, where is my tail? Did you not bring it with you?"

Some just shook their heads and strolled right past. Others stopped for a second, their eyes popping from shock, and then scurried off and away. Still others also shook their heads and strolled right past. But there were a few who put their hands on their waists and guffawed, "Why didn't you go and get your own tail, you lazy thing?" "Oh, dear," squeaked the field mouse, whiskers bristling, "I forgot." If truth be told, that was what happened to many animals – all Dassie's friends. In the hustle and bustle of getting their own tails, they clean forgot about Dassie's tail. Clean forgot to ask the King for that tail.

Wise, considerate Donkey shook his head. "Oh dear, I clean forgot," he said.

Giraffe said, "Everybody gets very nervous when they come before His Royal Highness. Dassie should have walked the walk like all of us." "Mmh," mumbled Sheep. "Serves him right... Yes, indeed, serves him right, lazy so-and-so. If you want a tail, get up and get one for yourself."



Dassie vra vir elkeen: "Vriend, waar is my stert? Het jy dit nie saamgebring nie?"

Party skud net hulle koppe en stap verby. Party stop met oë wat amper uit hulle kasse spring van skok en hol vinnig weg. Ander skud ook hulle koppe en loop verby.

Maar daar is 'n paar wat hulle voorpote op hulle heupe sit en kliphard lag: "Hoekom het jy nie jou eie stert gaan haal nie, jou lui ding?"

"O genade," piep Veldmuis, terwyl sy snorbaard regop staan, "ek het vergeet."

Om die waarheid te sê, dis wat met baie van die diere gebeur het – al Dassie se vriende. In die gewoel om hulle eie sterte te kry, het hulle skoon van Dassie se stert vergeet. Skoon vergeet om die Koning vir daardie stert te vra.

Wyse, bedagsame Donkie skud sy kop. "O genade, ek het skoon vergeet!" sê hy.

Kameelperd sê: "Almal raak baie senuweeagtig as hulle voor Sy Koninklike Hoogheid verskyn. Dassie moes saam in die ry gestaan het soos ons almal."

"Mmh," mompel Skaap. "Hy verdien dit... Ja, inderdaad, hy verdien dit, die lui watsenaam. As jy 'n stert wil hê, staan op en gaan haal jou eie."



Plantmaats is goeie bure!

Companion plants make good neighbours!



Plantmaats is plante wat langs mekaar geplant word sodat elke plant bevoordeel word deur sy buurplant. Kruie word byvoorbeeld dikwels langs groente geplant, want hulle help om honger peste weg te hou.

Sommige plante behoort ook nie langs mekaar geplant te word nie, want een plant kan te groot word en keer dat sonlig by kleiner plante uitkom. Sommige plante lok ook dieselfde peste en daarom behoort hulle nie naby mekaar geplant te word nie.

Companion planting is a method of growing plants next to each other so that each plant benefits from its neighbour. For example, herbs are often planted next to vegetables because they help to chase away hungry pests.

Some plants also should not be planted next to each other, as one plant may grow too tall and block sunlight from reaching shorter plants. Some plants also attract the same pests. So they should not be planted close to each other.

Hier volg 'n tabel met die name van plante wat goed saam groei:

Here is a table of plants that grow well together:

| Gewas/Crop | Plantmaats | Companion plants |
|--------------------------------|---|--|
| Boontjies/Beans | Mielies, tamaties, eivrug (brinjals), wortels, komkommers, pampoene, radyse | Corn, tomatoes, eggplant (brinjals), carrots, cucumbers, pumpkins, radishes |
| Kool/Cabbage | Salie, dille, kruisement, roosmaryn, mielies, spinasie, sonneblomme, kappertjies | Sage, dill, mint, rosemary, corn, spinach, sunflowers, nasturtiums |
| Wortels/Carrots | Uie, grasuie, roosmaryn, radyse, kappertjies, koljander (dhania) | Onions, chives, rosemary, radishes, nasturtiums, coriander (dhanya) |
| Seldery/Celery | Uie, kool, tamaties, boontjies, kappertjies | Onions, cabbage, tomatoes, beans, nasturtiums |
| Mielies/Corn | Boontjies, gousblomme, sonneblomme, komkommers, kappertjies, murgpampoentjies | Beans, marigolds, sunflowers, cucumbers, nasturtiums, squashes |
| Komkommers/Cucumbers | Boontjies, dille, gousblomme, radyse, murgpampoentjies, grasuie, ertjies | Beans, dill, marigolds, radishes, baby marrows, chives, peas |
| Krulkool/Kale | Salie, dille, beet, peperment, roosmaryn, mielies, spinasie, sonneblomme, kappertjies | Sage, dill, beetroot, peppermint, rosemary, corn, spinach, sunflowers, nasturtiums |
| Blaarslaai/Lettuce | Wortels, knoffel, ertjies, radyse, aarbeie, uie, grasuie | Carrots, garlic, peas, radishes, strawberries, onions, chives |
| Uie/Onions | Beet, wortels, blaarslaai, tamaties, waatlemoene, eivrug (brinjals) | Beetroot, carrots, lettuce, tomatoes, watermelons, eggplant (brinjals) |
| Ertjies/Peas | Appels, wortels, radyse, frambose, rape | Apples, carrots, radishes, raspberries, turnips |
| Soetrissies/Pepper | Basiliekruid, knoffel, uie, radyse, kappertjies, koljander (dhania), gousblomme | Basil, garlic, onions, radishes, nasturtiums, coriander (dhanya), marigolds |
| Aartappels/Potatoes | Basiliekruid, boontjies, mielies, kappertjies, koljander (dhania), gousblomme | Basil, beans, corn, nasturtiums, coriander (dhanya), marigolds |
| Spinasie/Spinach | Aarbeie | Strawberries |
| Murgpampoentjies/Squash | Boontjies, kappertjies, kruisement, radyse, dille, basiliekruid, sonneblomme | Beans, nasturtiums, mint, radishes, dill, basil, sunflowers |
| Tamaties/Tomatoes | Basiliekruid, gousblomme, kappertjies, wortels, knoffel, grasuie | Basil, marigolds, nasturtiums, carrots, garlic, chives |

Voordele van plantmaats


Plantmaats help mekaar, want hulle:

- weer peste af wat plante beskadig en vernietig.
- lok nuttige insekte wat hul plantmaats bestuif.
- help 'n ander plant groei en vrugte of groente dra deur voedingstowwe by die grond te voeg.
- verminder die risiko van siektes omdat hulle nie om dieselfde voedingstowwe in die grond meeding nie.
- verbeter die smaak van ander plante se blare of vrugte.
- benut die plek in die tuin sover moontlik deur te keer dat onkruid hul plantmaats toegroei.

Benefits of companion planting

Companion plants help each other because they:

- repel pests that harm and destroy plants.
- attract helpful insects that pollinate companion plants.
- increase the growth and harvest of another plant by adding nutrients to the soil.
- reduce the risk of diseases by not competing for the same nutrients in the soil.
- improve the flavour of another plants' leaves or fruit.
- maximise garden space by preventing weeds from overgrowing neighbouring plants.





Kameelperde kan nie dans nie

Deur Lorato Trok ■ Illustrasies deur Magriet Brink en Leo Daly




Elke jaar hou Nogwaja die konyn en Phiri die hiëna 'n wonderlike partytjie om die begin van die somer te vier. Al die diere hoop hulle sal uitgenooi word.

Thutlwa die kameelperd is nog nooit na enige van hierdie partytjies genooi nie. Dis hoekom hy baie opgewonde is toe Nogwaja en Phiri hom hierdie jaar uitnoui.

"Ek sal moet bad en baie deffig moet lyk vir hierdie partytjie," sê Thutlwa vir sy ouers.

"Ons is so bly vir jou, Thutlwa. Jy moet die partytjie geniet. Gaan maak nou reg. Ons wil nie hê jy moet laat wees nie," sê sy ma.



Thutlwa begin aanstap na die partytjie. "Nogwaja en Phiri het my nog nooit voorheen na hulle partytjie toe genooi nie," sê Thutlwa vir homself. "Ek gaan die heel beste gas wees. Ek wil seker maak dat hulle my volgende jaar weer sal uitnoui."

Toe Thutlwa by die park aankom waar die partytjie gehou word, kan hy sy oë nie glo nie. Die bome om die park lyk pragtig! Blou, oranje, pienk, groen en rooi liggies blink in die takke en weerkaats in die stroom wat deur die park vloei. Dit is asemrowend!

Onder die bome is daar 'n lang tafel met heerlike kos. Daar is soet groen gras, wilde vrugte, sappige blare en baie ander geregte waaraan die diere kan smul.

"Is dit die dansvloer?" fluister Thutlwa toe hy 'n groot oopte in die middel van die park sien. "Ek kan nie dans nie, maar dit sal pret wees om te kyk!"

Toe Thutlwa omkyk, stap Phiri en Nogwaja tot op die dansvloer. "Welkom, vriende!" sê Phiri. "Ek en Nogwaja is bly om julle as ons gaste te verwelkom. Geniet asseblief die partytjie!" Die diere juig en gesels vrolik met mekaar. Almal eet van die heerlike kos en drink vars water uit die stroom.

"Wat 'n heerlike partytjie!" sê Thutlwa.

Toe tree Nogwaja vorentoe en sê: "Luister, almal. Ons gunstelingtyd het aangebreek. Kom dans saam met my!"

Die diere drom op die dansvloer saam. "Ja, dis ons gunstelingdeel van die partytjie!" roep hulle toe die musiek begin speel.

Thutlwa kies koers na 'n hoek om te gaan sit, maar Nogwaja keer hom voor. "Waarheen gaan jy, Thutlwa? Kom dans saam met ons!"

"Komaan, Thutlwa, dis die beste deel van die partytjie!" voeg Phiri by terwyl hy Thutlwa na die dansvloer toe lei.

Thutlwa begin sweet. Hy het nog nooit gedans nie! Hy is te lank om te dans, maar hy wil nie vir Nogwaja en Phiri teleurstel nie, en hy gaan saam met die ander diere.


Sommer gou stamp Thutlwa teen almal. Hy val byna oor sy eie lang bene terwyl hy probeer dans.

"Wat doen jy, Thutlwa? Jy't die meerkatte byna omgestamp! En jy het amper op Fudu die skilpad se dop getrap!" raas Nogwaja.

"Ek kan nie dans nie, Nogwaja. Ek sal baie eerder sit en kyk," antwoord Thutlwa. Hy voel baie verleë.

"Maar jy het ons uitnodiging na die partytjie aanvaar, Thutlwa! En die beste deel van die partytjie is die dans. Probeer net bietjie versigtiger wees," sê Nogwaja.

Thutlwa weet nie wat om te doen nie. Hy wil vir Nogwaja en Phiri gelukkig maak, maar sy dansery veroorsaak chaos. Die diere spat uitmekaar wanneer hy oor die dansvloer strompel en struikel. Uiteindelik besluit Thutlwa dat dit beter sal wees om liever huis toe te gaan.



"Dankie dat julle my genooi het," sê Thutlwa vir Nogwaja en Phiri toe hy huis toe sluip. Hy voel baie hartseer en weet hy sal nooit weer na die partytjie genooi word nie.

Maar tot Thutlwa se verbasing kom Nogwaja en Phiri die volgende dag na sy huis toe. "Ons is hier om verskoning te vra, Thutlwa. Ons is jammer dat jy verleë gevoel het. Ons het nie geweet jy kan nie dans nie," sê Nogwaja.

"Kameelperde kan nie dans nie," sê Thutlwa. "Ons bene en ons nekke is te lank."

"Wel, al kan jy nie dans nie, wil ons jou graag by ons partytjie hê," sê Phiri.

"Sal jy asseblief ons partytjies reël, Thutlwa? Jy kan die uitnodigings skryf en ons help om die partytjie te organiseer," sê Nogwaja.

"Ja, natuurlik! Ek sal baie graag julle partytjies wil reël!" sê Thutlwa entoesiasies.

Van daardie dag af was Nogwaja en Phiri se somerpartytjies nog beter. Thutlwa het uitstekende partytjies gereël. En een ding waaroor almal saamstem, is dat enige dier wat nie kan dans nie, nie hoef te dans nie. Maar hulle is steeds welkom by die partytjie!

Raak doenig met stories!

- Teken 'n prent van 'n kameelperd wat jou gunstelingdans doen.
- Speel 'n dansspeletjie! Skryf elke dansstyl wat jy ken, op 'n aparte stukkie papier neer. Plaas die stukkie papier in 'n sak en vra elkeen van jou maats om een stukkie papier uit die sak te haal. Elkeen moet dan die

dansstyl wat hulle gekies het, vir die ander wys. Die res van die groep moet die naam van die dansstyl raai.

- Kry jou maats bymekaar. Speel of sing jul gunstelingliedjie en dans soos wat jy dink Thutlwa sou gedans het. Nooi jou maats om saam te dans!



Drive your
imagination



Giraffes can't dance

By Lorato Trok ■ Illustrations by Magriet Brink and Leo Daly




Every year, to celebrate the beginning of summer, Nogwaja the rabbit and Phiri the hyena held a wonderful party. All the animals hoped that they would be invited.

Thutlwa the giraffe had never been invited to any of these parties. That's why he was very excited to receive an invitation from Nogwaja and Phiri this year.

"I will have to take a bath and look very smart for this party," Thutlwa told his parents.

"We are so happy for you, Thutlwa. You must enjoy the party. Now, go and get ready. You don't want to be late," his mother said.



Thutlwa set off for the party. "Nogwaja and Phiri have never invited me to their party before," Thutlwa said to himself. "I'm going to be the best guest. I want to make sure they'll invite me again next year."

When Thutlwa arrived at the park where the party was being held, he could not believe his eyes. The trees around the park looked beautiful! Blue, orange, pink, green and red lights twinkled in the branches and reflected off the surface of the stream that ran through the park. It looked spectacular!

Under the trees stood a long table with delicious food. There was sweet green grass, wild fruit, juicy leaves and many other dishes for the animals to feast on.

"Is that the dance floor?" Thutlwa whispered when he saw a big open space in the middle of the park. "I can't dance, but it will be fun to watch!"

As Thutlwa looked around, Phiri and Nogwaja walked onto the dance floor. "Welcome, friends!" said Phiri. "Nogwaja and I are happy to be your hosts. Please enjoy the party!" The animals cheered and talked to each other happily. Everyone ate the delicious food and drank fresh water from the stream.

"What a lovely party!" said Thutlwa.

Then, Nogwaja stepped forward and said, "Listen, everyone. Our favourite time has arrived. Come join me, it is time to dance!"

The animals gathered on the dance floor. "Yes, this is our favourite part!" they shouted as the music started playing.

Thutlwa walked towards a corner to sit down, but Nogwaja stopped him. "Where are you going, Thutlwa? Come and join the dancing!"

"Come on, Thutlwa, this is the best part of the party!" Phiri added as he directed Thutlwa to the dance floor.

Thutlwa was sweating. He had never danced before! He was too tall to dance, but he did not want to disappoint Nogwaja and Phiri, so he joined the other animals.


Soon, Thutlwa was bumping into everyone. He almost fell over his own long legs as he tried to dance.

"What are you doing, Thutlwa? You nearly knocked over the meerkats! And you almost stood on the shell of Fudu the tortoise!" scolded Nogwaja.

"I can't dance, Nogwaja. I should rather sit down and watch," answered Thutlwa. He felt very embarrassed.

"But you accepted the invitation to the party, Thutlwa! And the best part of the party is the dancing. Just try to be a bit more careful," said Nogwaja.

Thutlwa didn't know what to do. He wanted to make Nogwaja and Phiri happy, but his dancing was causing chaos. Animals scattered as he lurched and stumbled across the dance floor. Finally, Thutlwa decided it would best to go home.



"Thank you for inviting me," Thutlwa said to Nogwaja and Phiri as he slunk off home. He felt very sad and knew that he would never be invited to the party again.

But to Thutlwa's surprise, Nogwaja and Phiri arrived at his house the next day. "We're here to apologise, Thutlwa. We are sorry you felt embarrassed. We didn't know that you couldn't dance," said Nogwaja.

"Giraffes can't dance," said Thutlwa. "Our legs and necks are too long."

"Well, even though you can't dance, we would like to include you in our party," said Phiri.

"Thutlwa, would you please be our party manager? You can write the invitations and help us organise the party," said Nogwaja.

"Yes, of course! I'd love to be your party manager!" said Thutlwa, enthusiastically.

From that day on, Nogwaja and Phiri's summer parties were even better. Thutlwa was an excellent party manager. And one thing they all agreed on was that if an animal couldn't dance, they didn't have to. But they were still welcome at the party!

Get story active!


- Draw a picture of a giraffe doing your favourite dance.
- Play a dancing game! Write each style of dance that you know on a separate piece of paper. Put the pieces of paper in a bag and ask each of your friends to take one piece of paper out of the bag. Each one

should show off the dance style that they picked. The rest of the group must guess the name of the dance style.

- Gather your friends. Play or sing your favourite song and dance like you think Thutlwa danced. Invite your friends to join in!

Nal'ibali-pret

Nal'ibali fun



My tuinplan

My garden plan


- a) Pas die Afrikaanse en Engelse naam van elke plant by die prent daarvan. Kleur die prent in.
- a) Match the Afrikaans and English name for each vegetable to its picture. Colour in the picture.

boontjies
aartappel
tamatie
knoffel
ui
pampoens
kool

beans
potato
tomato
garlic
onion
pumpkin
cabbage

| | |
|--|-------|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

- b) Benoem die tuinplan met die Afrikaanse en Engelse naam vir elke gewas.
- c) Kleur die tuinplan in.
- b) Label the garden plan with the Afrikaans and English name for each crop.
- c) Colour in the garden plan.



Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Kontak ons op een van die volgende maniere:

Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us in any of these ways:

- TheNalibaliChannel
- nalibaliSA
- @nalibaliSA
- @nalibalisa
- @nalibalisa
- The Nal'ibali Trust
- +27 64 801 5496

Produced by The Nal'ibali Trust. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.



Drive your imagination

